

Die bede om die genade van skuldvergifnis

By die geleentheid van Lukas 11 is die vraag aan Jesus gevra: “... leer ons bid” (:1). Hierop volg die “Ons Vader”-gebed, in korter vorm as by Matteus (6:9-13), deur Jesus Christus geleer om te bid. Die bede om skuldvergewing is deur Hom in hierdie gebed geleer (:4). Maar waarom weer en weer daarvoor bid dat ons sondes ons nie toegereken word nie, terwyl Jesus die genade van skuldvergifnis met sy soenverdienste verwerp het?

Ons word deur hierdie bede voor God in dié belydenis van die Kategismus oor onself te staan gebring: ons is “*arme sondaars*”. Ons is nie sondeloos nie in “*die boosheid wat ons nog aankleef*”. Daagliks kom ons voor die ou mens in ons te staan wat ons nog nie in geheel afgesterwe het nie. Oor en oor kom ons voor God met ’n skuld las in verhouding tot Hom en tot ons naaste te staan wat ons nie self kan vereffen nie.

In die donkerte van hierdie skuldbesef word ons nie troosteloos aan ons eie genade oorgelaat nie. Die bede om skuldvergifnis laat ons uitsig op die genade daarvan, ter wille van Christus, behou. Hiersonder is ons aan wanhoop prysgegee en sink ons kragteloos weg in daaglikse stryd teen sonde. Hierteenoor leer die Here Jesus ons om die bede om skuldvergifnis elke dag opnuut te bid, sodat ons in ons stryd met sondeskuld Hom wat vir ons sondeskuld betaal het, helder voor oë mag hê – en, versterk deur die onbeskryflike genade van skuldvergifnis – daagliks die stryd teen die sonde tot die einde kan voortsit.

Aan die werklikheid van sondes in ons daaglikse lewe kan niemand ontsnap nie. Goddank is skuldvergifnis ’n genadige werklikheid ter wille van Jesus Christus, soos ook deur Hom geleer in die bede om skuldvergewing. Is hierdie bede werklik tot ’n blote forma-liteit in ons lewe af te water? Dit kan tog nie ... want waarby sou dit ons te staan bring as God die sondeskuld van “*arme sondaars*” wel sou toereken?

Sing: Psalm 130-1:2

Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)